

**Plaaslike geskiedenis as ‘n genre vir sekondêre geskiedenis onderrig met verwysing na spesifieke bronnemateriaal beskikbaar in Laudium.**

**CECILE JOOSTE**

**UNISA**

*(Teaching local history with reference to resource material in Laudium)*

Regionale de Schryver, hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Leuven verwys na die omvang en verskeidenheid van dissipline geskiedenis wat die veelsydigheid en ingewikkeldheid van gemeenskappe weerspieël.<sup>1</sup> Die dissipline bestaan uit ‘n veelheid van objekte wat aan die hand van verskeie metodes nagevors en bestudeer kan word. Dit berus op ‘n pluriforme grondslag wat aan die dissipline sy vele aangesigte gee.<sup>2</sup> Plaaslike geskiedenis maak deel van hierdie veelheid en verskeidenheid uit.

Aandie begin van die negentiende eeu het geskiedenis in die Weste, as geesteswetenskap, sy beslag gekry. Daar is hoofsaaklik op die internasionale en nasionale politieke gebeure en figure klem gelê wat tot gevolg gehad het dat die politieke faset voorrang geniet. In hierdie benadering, “geskiedenis van bo,” die ander fasette van ‘n gemeenskap, soos die ekonomiese, kulturele en religieuse op die agtergrond gedwing en die gewone mens en dié se alledaagse doen en late het nie in die geskiedskrywing gefigureer nie. Reaksie teen hierdie tipe geskiedskrywing het reeds teen die einde van die negentiende eeu na vore gekom, toe die Duitse kultuurhistorikus, Ebert Gotheim, die monopolistiese aansprake van die politieke geskiedenis gekritiseer het en daarop gewys het dat politiek maar ‘n enkele faset van ‘n samelewing is en dat al die ander komponente van ‘n samelewing ook bestuderingswaardig is. Volgens hierdie benadering het die gewone mens die hoof objek van die historiese ondersoek geword. Die gewone mens se gedrag en belewenis moes aan die hand van stukture waarbinne dit plaasvind ontleed en verklaar word. Hiervolgens kon die lewensomstandighede van die massa, die bowe individuele,

---

<sup>1</sup>R. De Schryver, Historiografie vijftiende eeuwen geschiedschrijving van West-Europa, Historiografie, p. 353.

<sup>2</sup>F.A. van Jaarsveld, Moderne geskiedskrywing opstelle oor ‘n nuwe benadering tot geskiedenis, p. 1.

die anonieme, die sosiale prosesse en strukture van 'n samelewing geanaliseer word.<sup>3</sup> De Schryver verwys na hierdie geskiedbenadering as 'n “beskavingsgeskiedenis” en beklemtoon dat die doel hiervan is om via 'n “nie-politieke geskiedenis” by 'n “totale” of “integrale” geskiedenis uit te kom.<sup>4</sup>

Ek is van mening dat in die samestelling en aanbieding van geskiedeins leerplanne op sekondêre skool, veral in die vroeër bedeling, die politieke faset tot 'n groot mate beklemtoon is. Dit blyk asof in die samestelling van die meer resente leerplanne daar'n daadwerklike poging is om groter variteit in die samestelling van die leerplan daar te stel. Ek is egter nie so seker of by die werklike aanbieding van die leermateriaal die variteit altyd teenwoordig is nie en of dit nie maar nog steeds na die aanbieding van politieke of administratiewe geskiedenis neig nie. Hierdie inhoud, die politieke is trouens makliker bekombaar as dié van die ander lae van 'n gemeenskap se geskiedenis en ek dink dat met die aanbieding van plaaslike geskiedenis hierdie ander lae dalk net blootgelê kan word, daarom dan hierdie referaat oor die onderig van plaaslike geskiedenis op sekondêre vlak. Waarom my verwysing na Laudium vir voorbeelde van bronne materiaal? Om dat dit vir my 'n uitdaging was om te gaan kyk of die voorbeelde waarna ek verwys prakties bekombaar in 'n studie area soos Laudium is.

Alvorens die spesifieke bronnemateriaal vir plaaslike geskiedenis bekyk kan word, is dit nodig om net kortliks te verwys na die aard van plaaslike geskiedenis deur te let op interessante beskrywings van hierdie genre in die geskiedeniswetenskap.

In die vaktaal en vakliteratuur word die term plaaslike en streeksgeskiedenis met 'n verskeidenheid begrippe soos plaaslik, lokale, stedelike, streeks-, landelike, omgewings- en alledaagse geskiedenis omskryf.<sup>5</sup> Die diverse en uiteenlopende aard van plaaslike geskiedenis bemoeilik 'n presiese definieëring van die begrip. In die Urban Yearbook

---

<sup>3</sup> Ibid., pp. 9, 10 en 14.

<sup>4</sup> De Schryver, Historiografie, p. 353;

<sup>5</sup> Van Jaarsveld, Moderne geskiedskrywing, pp. en 11.

van 1974 word plaaslike geskiedenis omskryf as: “...*the study of man’s past in relation to his locality, being determined by an individual’s interests and experience.*” J.W. Kew voorheen verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), omskryf die begrip as volg:

*Local history can be defined as the history of a town, district or any unity smaller than the nation-state, with clearly defined territorial limits or in which inhabitants are so far united in thought and action as to feel a sense of belonging together.*<sup>6</sup>

Carol Kammen, ’n Amerikaanse plaaslike historikus beskryf die aard van plaaslike geskiedenis en die feit dat dit nie in isolasie geskryf moet word nie, as volg:

*I see local history as the study of past events and of people or groups in a given geographical area - a study based on a wide variety of documentary evidence and placed in a comparative context that should be both regional and national. .... Local history is the study of the human condition in and through time.*<sup>7</sup>

Die Engelse gerekende plaaslike historikus, W.G. Hoskins, omskryf dit as die historiese studie van die ontstaan, ontwikkeling, stabilisering en [soms] disintegrasie van ’n gemeenskap in ’n bepaalde geografiese gebied.<sup>8</sup>

Die invalshoek van plaaslike geskiedenis verskil van dié van ’n nasionale geskiedenis omdat dit nie ’n geskiedenis “van bo” is nie, maar wel ’n geskiedenis wat volgens Eloff op die “onderste vlak” toegespits is.<sup>9</sup> Die skryf van plaaslike geskiedenis mag nooit eng en parogiaal wees nie, maar binne die raamwerk van die streek, provinsie en nasionale geskiedenis ontleed en geskryf word. Indien plaaslike geskiedenis nie binne die groter historiese raamwerk geplaas word nie, gaan sekere perspektiewe verlore en word die spesifieke geskiedbeeld skeefgetrek. Dit kan wel as vertrekpunt vir ’n nasionale geskiedenis dien, aangesien die studie van die mikrokosmos, soos weerspieël in ’n

---

<sup>6</sup>Aangehaal deur Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, pp. 11 en 12.

<sup>7</sup>C. Kammen, On doing local history: Reflections on what local historians do, why and what it means, pp. 4 en 5.

<sup>8</sup>W.G. Hoskins, Local history in England, p. 2. (Vry vertaal.)

<sup>9</sup>Ibid., p. 12.

plaaslike geskiedenis, en die rol van die gewone mens noodsaaklik is om die breër strukture en prosesse van die nasionale geskiedenis te verstaan.<sup>10</sup> Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat plaaslike geskiedenis 'n geïntegreerde weergawe van 'n bepaalde plek (lokaliteit) se geskiedenis is wat die sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke aspekte van 'n bepaalde gemeenskap beskryf. Dit is, soos Eloff te reg opmerk, wydgeskakeer, veelkantig, kaleidoskopies en kompleks.<sup>11</sup>

Plaaslike geskiedenis het sosiaal-, kulturele- en akademies-opvoedkundige waarde, omdat dit gemeenskapsgerig is en identiteit, trots, lojaliteit, samehorigheid en 'n historiese bewussyn by die bepaalde gemeenskap kan aanmoedig.<sup>12</sup> In die artikel “Writers of small histories: Local historians in the United States and Britain,” verwys die Amerikaanse plaaslike geskiedskrywer, L. Bisceglia, na die waarde van plaaslike geskiedenis as “*the cohesive strands binding communities together.*”<sup>13</sup> Deur plaaslike geskiedenis kan 'n gemeenskap terselfdertyd bewus gemaak word van sy spesifieke omstandighede sowel as sy plek in die nasionale geskiedenis. Hierdie bewuswording kan begrip vir verandering en ontwikkeling van 'n bepaalde samelewing tot gevolg hê.<sup>14</sup> Dit verbreed en verryk nie net 'n spesieke nasionale historiografie nie, maar ontwikkel ook 'n algemene historiese kennis en perspektief van 'n bepaalde plek of streek.<sup>15</sup>

Vervolgens wil ek baie kortliks verwys na die plaaslike geskiedenisradisie in Westerse historiografie en na enkele voorbeelde van Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedenis verwys.

---

<sup>10</sup>C. Hummel, “Some reflections on the history of Port Elizabeth in the aftermath of World War II”, *Contree*, (35), Junie 1994, p. 1; Grundlingh, “Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied”, p. 88; Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, pp. 12 en 13.

<sup>11</sup>Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, p. 13.

<sup>12</sup>Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, p. 12.

<sup>13</sup>Aangehaal deur Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, p. 12.

<sup>14</sup>Grundlingh, “Streeksgeskiedenis: 'n ideale navorsingsgebied”, pp. 91 en 92.

<sup>15</sup>Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, pp. 12 en 13.

In Engeland, wat die langste plaaslike geskiedenis tradisies het, word daar op intensiewe en stelselmatige wyse plaaslike en streekhistoriese nagevors. Engelse plaaslike geskiedskrywing (*local history*) het die loop van vyfhonderdjaar ontwikkel van topografie, of plekkunde, waar Engeland as 'n enkele lokaliteit hanteer is, tot die skryf van *parish histories*<sup>16</sup> wat oor die kleinste lokaliteite in Engeland handel.<sup>17</sup> Christopher Saxton, 'n Tudor-kartograaf van die sestende eeu, het in 1574 begin om individuele kaarte van Engelse en Walliese graafskappe op te trek. Die eerste nasionale atlas is in 1579 gepubliseer en word as 'n mylpaal in Engelse en Walliese kartografie beskou omdat dit die basis vir voor-negentiende eeuse kartografie gevorm het. 'n Faksimile daarvan is in 1930 uitgegee en die kaarte word steeds deur plaaslike geskiedskrywers gebruik, omdat dit besondere detail oor Engeland en Wallis bevat.<sup>18</sup> Die volgende ontwikkeling was die skryf van graafskapgeskiedenis (*county history*). Die Victoria history of the counties of England is 'n reeks wat oor Engelse plaaslike geskiedenis handel. Dit het in 1899 deur private inisiatief ontstaan en word sedert 1932 by die *Institute of Historical Research* van die Universiteit van Londen gehuisves. Die aanvanklike doel van hierdie reeks was om Engelse graafskapgeskiedenis op 'n wetenskaplik wyse te skryf of te herskryf. Tans is die geskiedenis van Engelse graafskappe in verskillende stadiums van voltooiing.<sup>19</sup> Dit blyk dat, ten spyte van Engeland se lang plaaslike geskiedenis tradisie, daar selfs nog in die een-en-twintigste eeu 'n behoefte aan die skryf van plaaslike geskiedenis bestaan.

In Frankryk het plaaslike en streeksgekiedenis ook aandag geniet. Volgens Saunders word Franse streeksgekiedenis veral vanuit 'n sosiale en ekonomiese invalshoek

---

<sup>16</sup>Gebruik term *parish history*, gemeente geskiedenis nie dieselfde nie, daar bestaan 'n gelykwaardige term in Afrikaans nie.

<sup>17</sup>Oberholster, "Steekgeskiedenis en die historikus", *Contree*, (6), Julie 1979, p. 30.

<sup>18</sup>E-pos terugvoering J. Eccles op 'n navraag: [Jacqui.Essles@sas.ac.uk](mailto:Jacqui.Essles@sas.ac.uk) 28 Maart 2003.

<sup>19</sup>Die graafskap Buckinghamshire se geskiedenis is tot op datum voltooi, Londen se geskiedenis word steeds aangevu om dit op datum te bring. Die skryf van Cumberland se geskiedenis is tydelik gestaak, die laaste volume oor Nottinghamshire het in 1910 verskyn en oor Northumberland het nog niks verskyn nie. Guide to VCH Counties, <http://www.Englandpast.net/counties.html>, 06 - 02 - 2003.

geskryf.<sup>20</sup> Emmanuel Le Roy Ladurie se publikasie, Les paysans du Languedoc, wat in 1966 verskyn het, word beskou as 'n uitstaande historiese navorsingswerk wat 'n "totale" geskiedenis van die Middeleeuse Franse Provinsie Languedoc se kleinboergemeenskappe (*peasant societies*) gee. Dit maak onder andere van verskeie statistiese bronne soos grondbelasting (*compoix*) en tiendes (*tithe*) gebruik om die evolusie binne die landbougeskiedenis te weerspieël.<sup>21</sup> In 1977 verskyn John Day se Engelse vertaling The peasants of Languedoc. Die vertaler het die totaliteit van dié geskiedenis as volg beskryf; "*His [Ladurie] works combines elements of historical geography, demography, and history; and of psychohistory in a single construction, baptized a great agrarian cycle.*" Volgens hom blaas Ladurie lewe in ekonomiese statistiek met talle verwysings na voorbeelde van spesifieke families. Hy is ook van mening dat die publikasies 'n besondere bydrae tot die Franse historiografie lewer.<sup>22</sup>

Die Amerikaanse plaaslike geskiedskrywers het van die toonaangewendste werke in dié genre gelewer. Dit is veral ten opsigte van koördinasie van navorsingsaktiwiteite en voorligting aan navorsers waar die VSA die res van die Westerse wêreld voor is. Deur middel van die *American Association for State and Local History* slaag hierdie geskiedskrywers daarin om individue, instansies en verenigings wat in die skryf van plaaslike geskiedenis belangstel byeen te bring.<sup>23</sup>

'n Insiggewende artikel wat in 1990 verskyn het, begin met 'n kort oorsig oor die stand van plaaslike en streeksgeskiedenis in die Westerse en Suid-Afrikaanse historiografie. In hierdie artikel kom Saunders tot die gevolgtrekking:

---

<sup>20</sup>Saunders, "What of regional history?" p. 132.

<sup>21</sup>Oorspronklike outeur en titel E. Le Roy Ladurie, Les paysans du Languedoc, soos aangehaal deur Oberholster, *Streeksgeskiedenis en die historikus*, *Contree*, (6) 1979, p. 30.

<sup>22</sup>John,D, Peasants of Languedoc, Foreword, pp. ix en xii.  
<http://mamaynooth.freesevers.com/peasantsforeword.htm> 29 Maart 2003.

<sup>23</sup>Saunders, "What of regional history?," p. 132.

*South African historiography has not yet been enriched by a series of substantial histories. In this, it lags far behind the historiography of countries such as the United States, Canada and France. In Britain so much smaller in size, a strong tradition of local history developed.*<sup>24</sup>

Daar het tot en met die laat 1970s 'n groot leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie ten opsigte van akademies verantwoordbare plaaslike en streeksgeskiedskrywing bestaan. Hierdie leemte is reeds in 1970 deur C.M. Bakkes, die destydse direkteur van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), geïdentifiseer. In Junie 1970, in 'n verslag oor die stand van geskiedenisnavorsing in die RSA, merk hy op dat daar 'n behoefte aan 'n gesaghebbende werk van ensiklopediese omvang oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gehuggies, dorpe en stede bestaan.<sup>25</sup> Een van die vernaamste redes vir hierdie toedrag van sake was dat die politieke benadering tot geskiedskrywing voorrang geniet het. Selfs toe die sogenaamde “*people's history*” bedryf is, is klem steeds op politieke aspekte geplaas.

Plaaslike geskiedskrywing word egter vanaf die einde van die negentiende eeu in Suid-Afrika geskryf. Hierdie publikasies kan wissel van inligtingstukke tot opdragskrifte wat tydens die een of ander feesviering gepubliseer is.<sup>26</sup> Baie van hierdie publikasies is tot 'n mate met 'n bepaalde leserspubliek in die oog geskryf en kan gevolglik eng wees. Hierdie geskifte het egter 'n plek in die breë Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Hulle noodsaaklikheid binne die raamwerk van 'n bepaalde historiografie is deur van Jaarsveld as volg beskryf.

Mense wil graag weet wie hulle is, hoe hulle op 'n plek gekom het en hoe dit ontstaan en gegroei het. Daar is belangstelling in die ontwikkeling, vooruitgang en modernisering van 'n gemeenskap vanaf moeilike tot voorspoedige tye. Mense wil graag weet hoe plaaslike bestuur, landbou, handel, kerk en skool gegroei het. By 'n eeufees herdenking is 'n boek oor

---

<sup>24</sup>Ibid., p. 131.

<sup>25</sup>A. G. Oberholster, “Streekskiedenis en die historikus”, *Contree*, (6), Julie 1979, p. 29.

<sup>26</sup>Voorbeelde van 'n geleentheidsskrif: Anoniem, Machadodorp Poskoetsfees 9 Januarie 1952 i.v.m. die van Riebeeck-Fees (1952); H. Borman Carolina 1886-1986, 1986.

die ontstaan en vooruitgang van 'n dorp en sy omgewing uiters noodsaaklik.<sup>27</sup>

Al die publikasies voldoen egter nie aan die akademiese vereistes wat deur Saunders en ander Suid-Afrikaanse historici aan plaaslike geskiedenis gestel word nie. Baie van hierdie publikasies was, soos in die geval van die vroeë Westerse manuskripte, antikwaries, en 'n blote opstapeling van feite. Die meeste Suid-Afrikaanse publikasies was wit-sentries, omdat die begin van 'n dorp se geskiedenis met die koms van die wit setlaars gelyk gestel is.

Ek wil net kortliks na 'n paar plaaslike geskiedenisverwysings verwys. Uit Piet Snyman, voorheen verbonde aan die RGN, se pen het vyf publikasies oor vier dorpe van die Noord-Kaap: Postmasburg, Olifantshoek, Daniëlskuil en Kuruman, verskyn<sup>28</sup>. In 1988, met die viering van Pietermaritzburg se honderd-en-veftigste bestaansjaar, is die gedenkskrif Pietermaritzburg: 1838 - 1988, a new portrait of an African city, uitgegee.<sup>29</sup> Drie-en-sewentig skrywers het bydraes gelewer en het gewissel van onderafdelings wat deur erkende historici geskryf is tot die herinneringe van inwoners van die stad. Die eindproduk is deur die resensent A. de V. Minnaar as “*a plotted history which deals with the myriad of influences which have shaped Pietermaritzburg into what it has become today*” beskryf.<sup>30</sup>

---

<sup>27</sup>F. A. van Jaarsveld, “Aanbeveling”, M de Beer, Keimoes en Omgewing 'n kultuurhistoriese verkenning. (Geen bladsy verwysing)

<sup>28</sup>Snyman het in 1983 sy M.A.-verhandeling “Postmasburg: Die eerste honderd jaar” aan die Universiteit van Suid-Afrika voltooi. Hierna het die volgende publikasies oor die dorp verskyn, Postmasburg: 'n geskiedkundige oorsig tot 1983, Publikasie van die RGN, Pretoria, 1983 en Postmasburg: 'n eeu onder plaaslike bestuur 1893 - 1993, Publikasie van die RGN, Pretoria, 1993.; P.H.R. Snyman, Olifantshoek: oase van die Langberg, Publikasie van die RGN, Pretoria 1986.; P.H.R. Snyman, Daniëlskuil: van Griekwa - buitepos tot dienssentrum, Publikasie van die RGN, Pretoria, 1988.; P.H.R. Snyman, Kuruman: vervloë pad na Afrika, Publikasie van die RGN, Pretoria, 1993.

<sup>29</sup>L. Laband (*et al*), Pietermaritzburg 1838-1988 : a new portrait of an African city, University of Natal Press and Shuter and Shooter, Pietermaritzburg, 1988.

<sup>30</sup>A. de V. Minnaar, Boekbespreking. J. Laband, and R. Haswell (eds.), Pietermaritzburg: 1888 - 1988, a new portrait of an African city, *Contree*, (26), Oktober 1989, p 36.



Tot en met die middel sewentigerjare het daar weinig stedelike geskiedskrywing verskyn. Die aanslag van die Nieu-Marxiste op Suid-Afrikaanse historiografie het tot gevolg gehad dat stede se geskiedenis aandag begin geniet het, maar die klem is hoofsaaklik op die twee industriële gebiede, die Witwatersrand en Kimberley, geplaas.<sup>32</sup> Werkswinkels wat deur die geskiedenis departemente van die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad in die laat 1970's gehou is, het die leemte tot 'n mate aangespreek en het gepoog,

*to offer to ordinary people an understanding of their historical predicament and to enable the historian to take a city and explain its present condition in terms of the forces that have made it.*<sup>33</sup>

In die Suid-Afrikaanse historiografie kan daar twee tipes stedelike geskiedskrywing onderskei word. Die eerste is soms antikwaries en Eurosentries van aard en inhoudelik word die klem gewoonlik op die lewenswyses en kultuur van die stedelike elite geplaas. Die meeste reeds gepubliseerde stedelike geskiedenis is in hierdie styl geskryf. Die tweede benadering is meer analities en krities van aard en daar is 'n klemverskuiwing wat die inhoud betref. Die vraagstukke wat onder die loep geneem word, is beleid en bestuur en die invloed van hierdie beleide op die minder gegoede gemeenskappe van 'n stad. Die fokuspunt word die “gewone” mense, hulle leiers en hoe hulle in die stedelike gebiede probeer oorleef het.<sup>34</sup> Ek is van mening dat die tweede tipe hom veral leen om op skoolvlak aangepak te kan word.

'n Besondere publikasie wat bogenoemde leemte aans 'preek, is The people's city: African life in Twentieth Century Durban, wat onder redaksie van Paul Maylam en Ian Edwards van die Natalse Universiteit, die lig gesien het.<sup>35</sup> Die publikasie bestaan uit elf

---

<sup>32</sup>V. Bickford-Smith, Ethnic pride and racial prejudice in Victorian Cape Town, voetnota 4, voorbeelde van publikasie oor Witwatersrand en Kimberly word aangehaal, p. x.

<sup>33</sup>Ibid., p. x. voetnota 8, aangehaal en verwys na, B.M. Stave, 'In pursuit of urban history, conversations with myself and others: a view from the United States; *South African Historical Journal*, (15), 1983, pp 10-33, p. xii.

<sup>34</sup>P. Maylam en I. Edwards (red.), The people's city: African life in twentieth-century Durban, p.xi.

<sup>35</sup>P. Maylam en I. Edwards (red.), The people's city: African life in twentieth-century Durban, University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1996.

essays waarin historici en sosioloë verskeie fasette van die alledaagse lewe in een van die belangrikste hawestede in Afrika beskryf. Vir die eerste keer is Durban se minder gegoede klasse se geskiedenis geboekstaaf en word die lief en leed van die stedelike swart werker verken. Die boek val in drie gedeeltes uiteen. In die eerste gedeeltes word die alledaagse lewe van Durban se mense nagespeur. Die eerste en tweede gedeelte word op 'n treffende wyse met 'n "hoofstuk" getiteld "The people's city: An essay in pictures" geskei. Die tweede deel fokus op die werkers van die hawestad en daar word onder meer na werkersunies verwys. 'n Besondere essay is R Posel se "Amahashi: The Ricksha-pullers of Durban," wat 'n kort oorsig en vertolking van die Ricksha-trekker se rol in die stad se publieke vervoerstelsels gee. Dit bevat onder meer ook statistieke oor die bedryf gedurende die tydperk 1895 tot 1985.<sup>36</sup> Die derde en laaste gedeelte van die boek handel oor die omliggende swart woongebiede.

'n Getroue en sinvolle rekonstruksie van 'n plaaslike geskiedenis kan slegs plaasvind indien daar voldoende bronnemateriaal beskikbaar is. Alvorens met die skryf van 'n plaaslike geskiedenis begin kan word, moet ondersoek ingestel word na die beskikbaarheid, toeganklikheid en bestuderenswaardigheid van die bronnemateriaal. Indien die aanvanklike bronneverkenning gebrekkig is, sal dit 'n oppervlakkige of selfs skewe geskiedvoorstelling tot gevolg hê.<sup>31</sup> Omdat plaaslike geskiedenis 'n "totale" geskiedenis is, moet soveel moontlike primêre en sekondêre bronne gebruik word. Die aard van plaaslike geskiedenis leen homself tot 'n multi- en interdisiplinêre bronne-onderzoek en die inhoudsmateriaal van buurdissiplines sal met vrug gebruik kan word.

In die laaste plek wil ek die aandag vestig op die bronnemateriaal wat vir die skryf van plaaslike geskiedenis gebruik kan word en bepaal watter van die materiaal in die praktyk werklik maklik bekombaar is deur na beskikbare bronnemateriaal in Laudium te verwys.

---

<sup>36</sup>R Posel, "Amahashi: The ricksha-pullers of Durban, in Maylam en Edwards, The people's city, pp 203 - 216.

<sup>31</sup>Eloff, "Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis", p.12.

Sekondêre bronne, soos indekse, bibliografieë, onderwerpwoordeboeke, ensiklopedieë, atlasse, nasionale en algemene geskiedenis publikasies beid raamwerke en riglyne waarbinne en waarvolgens plaaslike geskiedenis nagevors kan word. Jaarboeke, almanakke en kronologië bevat inligting ten opsigte van die hoofstroom politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkeling waarbinne 'n plaaslike geskiedenis ontvou.<sup>37</sup> Bruikbare, spesifieke inligting aangaande 'n plek en sy inwoners kan uit “histories-ongewone” bronne soos streeks- en dorpskaarte, dorpsplanne, plaaslike telefoongidse, skoolanaleboeke en sensusverslae verkry word.<sup>38</sup> Vaktydskrif-artikels, gedenkskrifte, familiegeskiedenis en kommissieverslae bevat gewoonlik relevante en intressante inligting.<sup>39</sup> Bestaande plaaslike en streeks-geskiedenis kan dien as voorbeelde hoe 'n spesifieke plaaslike geskiedenis aangepak kan word, maar ook die slaggate waarop 'n voornemende plaaslike historikus bedag moet wees, uitwys. Deur al bogenoemde as potensiële bronnemateriaal te verwys, kan nuwe horisonne ten opsigtige van insameling van inligting ontsluit word, temas kan vanuit verskillende invalshoeke ontleed word en uiteindelik 'n vollediger geskiedenis, 'n “totale” geskiedenis, tot gevolg hê.<sup>40</sup> 'n Foto-geskiedenis van 'n bepaalde plek is 'n spesifieke sekondêre bron wat met vrug gebruik kan word. 'n Voorbeelde van so 'n fotogeskiedenis is Simon's Town a post card history 1900 - 1913, waarin Simonstad se geskiedenis deur middel van poskaarte wat teen die einde van die negentiende eeu gedruk is, visueel weergegee word.<sup>41</sup>

Ongeïnterpreteerde tabelle en statistiek is gewoonlik mensverwydered, maar kry 'n nuwe aangesig sodra dit met die verloop van mense se lewens binne hulle plaaslike milieu in verband gebring word. Stuart Seelyn Sprague, van Morehead State Universiteit in

---

<sup>37</sup>G.M. Hibbins, C. Fahey, and M.R. Askew, Local history: a handbook for enthusiasts, pp. 5 - 7.

<sup>38</sup>Kammen, On doing local history, p. 43.

<sup>39</sup>C. Eloff, Boekbespreking M.M. Miller, How to collect and write local history, *Contree*, (3), Januarie 1978, p. 31.

<sup>40</sup>Grundlingh, “Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied”, pp. 92 en 93.

<sup>41</sup>M. Walker, Simon's Town a post card history 1900 - 1913, Cape Town: M.Walker 1998.

Kentucky in die VSA, skryf die volgende aangaande hierdie spesifieke eienskap van plaaslike geskiedenis:

*Local History has an immediacy that national history lacks. We can see it and interview people about it. For example, when we view the 1930's from the local level, the New Deal becomes human, concrete and understandable,....*<sup>42</sup>

Primêre bronnnavorsing is onontbeerlik vir die skryf van plaaslike geskiedenis. Amptelike argivale dokumnte rakende 'n spesifieke plek is 'n goeie vertrekpunt. Ander argivalia soos dagboeke, joernale, hofverslae, akterekords, privaatversamelings en fotoalbums sal met groot vrug gebruik kan word.<sup>43</sup>

Die meeste plaaslike historici is dit eens dat mondelinge oorlewering 'n belangrike en ryk bron vir enige plaaslike geskiedenis is. Hoskins wys daarop dat persoonlike herinnering (*reminiscence*) as bron nie gering geskat moet word nie. Hy waarsku egter terselfdertyd dat, omdat die menslike geheue feilbaar is, herinneringe teen bestaande geskrewe dokumentasie getoets moet word. Mondelinge getuienis moet altyd aan dieselfde streng eksterne en interne kritiek as enige geskrewe bronnemateriaal onderwerp word om die betroubaarheid en geloofwaardigheid daarvan te bepaal.<sup>44</sup> Wanneer die Suid-Afrikaanse voorkoloniale geskiedenis van 'n spesifieke plek nagevors word, is dit van groot belang dat die mondelinge oorlewering (*oral evidence*) van die vroeër inwoners (Steen- en Ystertydperkense) as verwysingsraamwerk gebruik moet word.

Vir na-kloloniale plaaslike geskiedenis die notules van dorps-, stads-, kerksrade, enige ander vereniging en sportorganisasie van 'n spesifieke plek is een van die rykste bronne van inligting. 'n Bron soos kerkraadsnotules gee die navorser 'n blik op die

---

<sup>42</sup>S. S. Sprague, "The many faces of local history", *Historian: a journal of history*, (55), Summer 1993, p. 814.

<sup>43</sup>Marwick, Basic problems of writing history, pp. 31 en 33.

<sup>44</sup>Hoskins, Local history in England, p. 39.

sosiale, kulturele ekonomiese toestande van 'n sekere sektor van 'n spesifieke plek, gedurende 'n bepaalde periode. Byvoorbeeld, as dit ekonomies goed gaan met 'n spesifieke groep van 'n gemeenskap, bv. die wit lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk, word hierdie welvaart in die kerk se finansies weerspieël. Kry dieselfde groep egter geldelik swaar word dit weer in die kerk se finansies weerspieël.

Plaaslike publikasies, soos koerante en nuusbriewe, waarin op 'n daaglikse of weeklikse basis verslag gedoen word oor sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke fasette van 'n gemeenskap, tel onder van die rykste bronne vir plaaslike geskiedenis. Hierdie publikasies berig oor die gewoontes en die lief en leed van 'n bepaalde gemeenskap. Die beriggewing oor plaaslike leier- en sportfigure is gewoonlik breed-voeriger as die van nasionale koerante. Die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n dorp of stad word in beriggewing oor die bou, verbetering en sloping van geboue en die ontwikkeling van infrastrukture vasgevang. Die geskiedenis van sentimentaanpassings van 'n gemeenskap lê verskuil in naamsveranderinge van strate, en geboue, plekname.<sup>45</sup> Plaaslike advertensies bevat inligting wat lig kan werp op die ekonomiese, sosiale en kulturele fasette van 'n bepaalde gemeenskap.<sup>46</sup> Uit bogenoemde kan afgelei word dat plaaslike publikasies onontbeerlike bron vir die skryf van plaaslike geskiedenis. Plaaslike geskiedenis se potensiële bronnemateriaal is veelvuldig en divers en het soveel “aangesigte” as die veelheid van sy moontlike bronnemateriaal. In die artikel “The many faces of local history” beskryf Sprague hierdie eienskap as volg: “*The subject range of local history is literally limited only by one’s curiosity and imagination.*”<sup>47</sup>

Voorbeelde van bronne materiaal van Laudium – transparante

Slotsom.

---

<sup>45</sup>Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis”, p. 13.

<sup>46</sup>M.M. Miller, How to collect and write local history, Boekbespreking C.C. Eloff *Contree*, 3 Januarie 1978, pp. 31 en 32.

<sup>47</sup>Sprague, “The many faces of local history”, pp. 817 en 818.